
AMELIA GENIS agenis@landbou.com





# ERENST PELSER

# Só laat 'n mens 'n koöperasie floreer

Die Sentraal-Suid Koöperasie beleef voorspoedige tye danksy 'n kombinasie van slim samevoegings en beleggings in waardetoevoeging, die regte ondernemingsvorm vir die boere wat dit bedien en volgehoue verbeterde landboupraktyke.

**HOOFFOTO:** SSK se graanontvangste het die afgelope drie jaar sterk toegeneem en die koöperasie het wesentlik in silo-opbergingsvermoë belê.
FOTO:AMELIA GENIS

**LINKS:** Mnr. Erenst Pelser.

**KORTOM**

- Een van die min landboubesighede wat nog 'n koöperasie is, floreer met behulp van 'n slim samevoeging, waardetoevoeging, die regte ondernemingsvorm en volgehoue, verbeterde landboupraktyke.
- Die uitvoerende hoof van die Sentraal-Suid Koöperasie het nooit geboer nie, maar kry werksbevrediging uit die sukses van die koöperasie se lede.

Enige ramp wat 'n sake-onderneming tref, plaas die herstelvermoë van die onderneming in 'n smeltkroes en onder 'n mikroskoop. Dit dien as 'n ware toets vir die bestuur en werknemers se karakter.

Só was dit by Sentraal-Suid Koöperasie (SSK), met sy hoofkantoor op Swellendam. Op 'n namiddag in die vroegherfs dink

## SSK-groepstruktuur






Die finansiële impak van die 14 staalsilo's van SSK wat in Desember 2015 ineengestort en ook omliggende silo's beskadig het, was altesaam R87 miljoen. FOTO: CHRIS HEYNEMAN

◄ mnr. Erenst Pelser weer terug aan 1 Desember 2015 toe 'n kollega kom sê het 'n silo het omgeval. By nadere ondersoek sou hy sien 14 silo's het ineengestort en van die omliggende silo's is ook beskadig. Meer as 24 000 ton kanola het op die grond beland. Dit was net kanola en gebuigde staal waar jy kyk. "Dis nou geskiedenis, maar ek sal nie vergeet hoe SSK se bestuurspan en werkers skouer aan die wiel gesit het om die skade om te keer en die pas afgelope jaar te sorg dat die koöperasie sy beste syfers tot nog toe behaal nie."

Die totale finansiële impak van die silo's wat ineengestort het, was R87 miljoen. Die verlies deur SSK se staat van omvattende inkomste vir die 2016-boekjaar was R48 miljoen.

Erenst sê SSK se omset toon 'n groei van 87% die afgelope 5 jaar. "In 2012 was SSK se omset R794 miljoen, verlede jaar was dit R1,5 miljard en vanjaar word begroot vir R1,7 miljard. Die groep se omset was verlede jaar R3,1 miljard en vanjaar word begroot vir ongeveer R4 miljard.

### Hoe beïnvloed die afgelope paar goeie landboujare julle?

SSK is 'n verlengstuk van die boer. As dit goed gaan op die plaas, gaan dit met SSK ook goed. SSK het die afgelope vyf jaar wesenlike kapitaal bestee aan die uitbreiding van silokapasiteit. Die toename in graanverbouing in die omgewing van Albertinia en Mosselbaai het ons genoodsaak om verdere en nuwe opbergingshouvermoë daar te stel. Hoewel dit lyk of die melkbedryf beter toestande te wagte kan wees vanweë 'n daling in die mielieprys en 'n styging in die melkprys, bly die bedryf onder druk.

### Maar die gebied was nie altyd so 'n florerende graanproduksiegebied nie. Wat het verander?

Deklaagbewerking en minimumbewerkingspraktyke het die toestande van vogbewaring dramaties verander. Alternatiewe wisselbougewasse (soos kanola), presisieboerdery, asook werktuie vir minimumbewerking het verder bygedra tot groter graanopbrengste. Met 'n gemiddelde reënval, soos verlede jaar in die Suid-Kaap, sou ons nie tien jaar gelede 'n bogemiddelde oes kon realiseer nie.

### Hoe sal jy SSK in een sin beskryf?

SSK se doelstelling is om met die behoud van stabiliteit die welvaart en voortbestaan van die organisasie en sy lede deur groei en diversifikasie te bevorder.

### Wat is die slimste ding (of twee) wat SSK se bestuurspan en direksie die afgelope vyf jaar gedoen het?

Dit was ongetwyfeld die aanbod wat SSK aan Tuinroete Agri se aandeelhouers gemaak het. Die samevoeging van die twee ondernemings is 'n suksesverhaal waarop ons baie trots is. 'n Tweede "slim ding" was om nie fokus te verloor nadat die kanolasilo's ineengestort het nie, maar die oog op die bal te hou. So het ons daarin geslaag om die boekjaar wat in Februarie geëindig het, met die beste resultate in SSK se 87-jarige bestaan af te sluit.

### Om watter redes werk die koöperasiemodel vir SSK?

Ek dink nie ons lede verkies die koöperatiewe ondernemingsvorm nie – ek glo die meerderheid van die lede vereis dit! SSK se lede is die alleenaandeelhouers van die koöperasie. Om as lid in aanmerking te kom, moet jy by die landbou betrokke wees. Dit beteken die volle belang en beheer is in die landbou gesetel. Al SSK se filiale word in maatskappye as ondernemingsvorm bedryf, met SSK as koöperasie as beherende aandeelhouer in die meeste van die filiale. Myns insiens is dit die ondernemingsvorm wat vir ons lede werk. Ek vind ook bevestiging daarvoor in die wesenlike toename in ledegetalle tot meer as 1 500 wat ons die afgelope paar jaar ondervind het. Hulle is die eienaars van die onderneming en verwag van ons om besluite in belang van die landbou te neem.

### Wat is die toekoms van koöperasies?

Koöperasies is 'n wêrelderkende ondernemingsvorm wat uiters suksesvol in vele be-



Dié kaart toon Sentraal-Suid Koöperasie se "spoor" in die Wes- en Oos-Kaap.

drywe funksioneer. Die koöperatiewe wet van Suid-Afrika gee enige organisasie wat verkies om sy onderneming as 'n koöperasie te bedryf, die geleentheid om dit te doen.

**Hoe skep 'n uitvoerende hoof 'n atmosfeer waarin daar vooruitgedink (en gedoen) en gegroei word?**

Strategiese fokus vorm deel van my en my bestuur se dagtaak. Die sake-omgewing het so verander dat ek personeel in bestuursposte moet bemagtig om besluite uit eie reg te kan neem. 'n Geleentheid kom net een keer, en as jy dit misloop, is dit te laat. Ek bly egter verantwoordelik vir elke besluit. Met gemotiveerde personeel kan jy 'n lang pad stap.

**Beteken SSK se verkryging van aandele in 'n koringmeul en 'n slagplaas dat die koöperasie verder in die waardeketting betrokke wil raak?**

Die doel met die verkryging van meerderheidsaandeelhouding in Eureka Mills en Hessequa Abattoir is beslis om verder in die waardeketting betrokke te raak. Dít doen ons deur waarde toe te voeg tot produkte wat SSK se lede lewer, soos reeds die geval is met die verwerking van kanola by Southern Oil (SOILL) en voergrane by ons veevoeraanleg.

**Daar is 'n neiging by boere in die Suid-Kaap om hul graanvertakking uit te brei ten koste van hul veevertakking. Kan dit 'n uitwerking op die vee-aanbod vir Hessequa Abattoir (Edms.) Bpk. hê?**

Dit is 'n feit dat van die groter graanboere nie meer hoewe op hul saaigrond wil hê nie, en daarom hul skape elders aanhou, maar ek kan nie sien dat skaapboerdery ooit uit die Suid-Kaap gaan verdwyn nie. Die huidige aanbod vir Hessequa is meer as voldoende.

**Is daar nog geleenthede?**

Daar is altyd geleenthede. As 'n geleentheid hom voordoen wat met SSK se doelstelling strook, sal ons altyd die geleentheid oorweeg.

**Die verbouing van gars vir die moutbedryf is 'n florerende besigheid vir SSK se lede. Het jy al gedagtes oor wat die impak van AB InBev se oorname van SAB kan hê?**

Nee, ek dink dit is nog te vroeg om werklik te bepaal wat die impak gaan wees, maar dat daar veranderinge gaan kom, is beslis.

**Watter faktore gaan die volgende vyf jaar die grootste impak op landbou-besighede en die landbou hê?**

Eerstens die politieke onsekerheid, veral wat grondhervorming en die Regering se gebrek aan steun ten opsigte van die landbou in die algemeen betref. Die nie-erkenning vanaf die Regering oor die bydrae wat die landbou vir Suid-Afrika en sy bevolking lewer, met voedselsekerheid as voorbeeld, veroorsaak groot onsekerheid. Die Regering se beleid oor invoerbeskerming is 'n verdere groot onsekerheid met gevolglike risiko. Die wisselkoers bly altyd bepalend tot die prys van kommoditeite. Vir boere in die Suid-Kaap bewys die geskiedenis hoe groot die rol is wat die natuur in volhoubare landbou speel.

**Hoekom het die samevoeging van SSK en Tuinroete Agri soveel sin gemaak?**

Tuinroete Agri het weens die riskantheid van die landbou en veral die riskantheid van graanverbouing weens ondergemiddelde reënval in die verlede wegbeweeg van die graanbedryf.

Gevolglik het hul klem verander deur te belê in die potensiaal wat handel op dorpe, soos George, Mosselbaai, Knysna en Plettenbergbaai, ingehou het. Baie van die besigheid was dan ook nie landboubesigheid nie. Hierdie verandering in klem het hulle met groot sukses gedoen, maar dit was nie tot voordeel van landbou in daardie gebied nie.

Vir SSK, aan die ander kant, was die landbou en die boer nog altyd 'n voorrangsaak. Bedrywe waarop klem gelê is, was graan, handel, meganisasie, versekering, finansiering en landboukundige dienste. SSK het verder klem gelê op alternatiewe wisselbougewasse (kanola) (vandaar SOILL), die stabilisering van pryse van voergrane by ons veevoeraanleg en presisieboerdery (vandaar Technifarm). Die hernude klem op die landbou is terug in die tradisionele Tuinroete Agri-gebied deur SSK se betrokkenheid. Met bogenoemde praktyke is die graanbedryf sterk gevestig oos van Heidelberg, met bogemiddelde opbrengste die afgelope drie jaar. Die samevoeging van SSK en Tuinroete is 'n wenslag vir SSK se lede oor die totale geografiese gebied.

**Graanverbouing oos van Heidelberg het regtig uitgebrei. Waaraan skryf jy dit toe?**

Praktyke wat vogbewaring moontlik maak, soos deklaagbewerking en minimum bewerking, is een van die redes dat graanverbouing oos van Heidelberg uitgebrei het. Nóg 'n bydraende faktor is presisieboederydienste, asook SSK se gratis landboukundige dienste aan sy lede.

SSK se nommerpas finansieringsmodelle vir produksie- en werktuigfinansiering is beskikbaar aan lede. As voorbeeld finansier SSK gebruikte werktuie tussen sy lede wat die toetrede van 'n boer tot nuwe tegnologie meer bekostigbaar maak.

**Hoe sou jy jou bestuurstyl beskryf?**

Ek verkies om deel van 'n span te wees. Spesifieke kundigheid lê by spesifieke mense. Jy kan nie alleen wen nie, maar met 'n span kan jy. Ek het 'n oopdeurbestuurstyl vir SSK se lede en personeel. Vir my en al my kollegas kom SSK-lede se behoeftes eerste.

**Wie of wat het die grootste invloed op jou (gehad)?**

As kind het ek op 'n plaas grootgeword, met my oupa as rolmodel. Ek het nie die geleentheid gehad om self te boer nie. Die sukses van SSK se lede gee egter vir my die werksbevrediging waarna ek soek.

**As jy eendag aftree, watter tipe SSK wil jy agterlaat?**

SSK, as koöperasie, met filiale wat finansieel kerngesond is. 'n Organisasie wat met uitsonderlike bestuur en personeel, soos reeds bestaan, die onderneming tot nuwe hoogtes kan neem. 'n Organisasie wat altyd daar vir sy boere sal wees en die verlengstuk van die boer op sy plaas sal bly. **LBW**

*Hierdie artikel is deel van* Landbouweekblad *se nuwe reeks onderhoude met landbousakeleiers. Hou die eerste uitgawe van elke maand dop vir dié insiggewende kyk na die hart van die landbou.*